
# 355 O Liefde, diep en hoog en breed




Geen engel was daartoe bevoeg, die hoogste was nie goed genoeg,
maar Hy het self as Mens gekom na sy verlore eiendom.

En na sy doop vir ons, moes Hy in woeste plekke honger ly,
vir ons versoekinge weerstaan en so die bose mag verslaan.

Vir ons is Hy verraai, verlaat, gegésel en bespot, gehaat,
en aan die skandhout vasgenael; so het Hy vir ons skuld betaal.

Hy het oor dood getriomfeer en opgevaar om te regeer;
toe stuur die Vader ons sy Gees om vir ons Trooster hier te wees.

Aan Hom wat ons so lief kon hê en ons sy Seun nie kon ontsê,
aan God die Vader lof en eer deur eeue heen en immermeer.

Onbekend, uit die 15de eeu. MS. E. Muller (1731-1807)